

HOËRSKOOL GRENSWAG



“Ons gee om” – “We care”

SKOOLREËLS

1. ALGEMENE SKOOLREËLS

- 1.1 Geen leerder mag die skoolterrein sonder toestemming verlaat nie.
- 1.2 Leerders moet wegbly van alle **verbode terreine** soos uiteengesit in punt 5 hieronder.
- 1.3 Leerders mag nie in die voorportaal wees of daardeur beweeg nie tensy hulle spesifiek daarheen geroep word.
- 1.4 Geen speletjies met balle (tennis, rugby, hokkie, golf, ens.) word tussen die geboue toegelaat nie – die A-rugbyveld kan hiervoor gebruik word.
- 1.5 Geen voorwerp mag na 'n persoon gegooi word nie – dit sluit waterbomme, klippe, ens. in.
- 1.6 Rommelstrooi is verbode.
- 1.7 Sekere oortredings soos vandalisme, diefstal, fisiese bakleiery, drankgebruik (of die besit van drank), dwelmgebruik (of die besit van dwelms), gebruik van gevaarlike wapens (of in besit daarvan) is baie ernstige oortredings en kan lei tot onmiddellike skorsing.
- 1.8 Klaswisseling moet ordelik geskied. Hou links en beweeg vinnig. Drie minute nadat die klok aan die einde van 'n periode gelui het, lui 'n tweede klok en dan moet alle leerders in hul klasse wees.
- 1.9 Geen leerder word op stoepe, trappe en in lokale toegelaat gedurende pouses nie. Slegs die middelste stel trappe mag gebruik word om vir besoek aan die kleedkamers.
- 1.10 Kru taalgebruik is streng verbode.
- 1.11 Fietse en motorfietse moet in die onderskeie loodse gebêre en vasgesluit word – die skool kan nie verantwoordelikheid aanvaar vir fietse nie.
- 1.12 Persoonlike eiendom soos skooltasse, selfone, ens. is elke leerder se eie verantwoordelik. Pas jou eiendom op.
- 1.13 Wanneer 'n onderwyser afwesig is, moet leerlinge na hul toesigklas gaan – versuim om dit te doen, word beskou as stökkiesdraai.
- 1.14 Indien 'n leerder afwesig is, moet die ouer asseblief die hoof of die skool telefonies in kennis stel. Wanneer die leerder weer terugkom, moet hy/sy 'n brief van die ouer saambring.

- 1.15 Leerders wat met hul eie voertuie skool toe kom, moet in besit wees van 'n geldige bestuurderslisensie en mag slegs op die teerblad voor die skool parkeer en dan ook nie op plekke waar personeel parkeer nie.

2. VERBODE TERREINE

Leerders mag nie voor skool, na skool of tydens pouses op die volgende plekke wees nie.

- 2.1 Naby of by enige motorvoertuie, motorfietse en fietse.
- 2.2 Die voorkant van die skool – dit sluit die hele gebied in voor die kantoorblok, voor die skoolsaal en die gimnastieksaal, asook die teerblad voor die skool. Leerders mag egter **na skool** op die teerblad vir hul ouers wag om opgelaaie te word.
- 2.3 Die oostekant van die skool – nie verby die hoof se kantoor en/of me. Verster se klas en/of faktotum se stoorkamer nie.
- 2.4 Regs van die sementpaadjie wat loop vanaf die IGO-klas tot by die hokkieveld.
- 2.5 Hokkieveld sowel as die hokkieveld se sementsitplekke is verbode.
- 2.6 Enige van die stoepe of trapskagte is verbode – terrein tussen geboue is toelaatbaar.
- 2.7 Verby die A-rugbyveld – paviljoen is ook verbode terrein.
- 2.8 Tennisbane en tennishuisie is ook verbode terrein – die bankies langs die tennisbane aan die A-rugbyveld se kant is in orde.
- 2.9 Restaurant en die tuine rondom die restaurant.
- 2.10 Beweging deur voorportaal asook trappe na boonste admin.-vlak is ook verbode.

3. SKOOLDRAG EN NETHEID VAN SEUNS

- 3.1 Hare:
- (a) Agter: Kort in die nek en geleidelik langer op boontoe – hare mag met ander woorde nie aan die kraag raak nie.
- (b) Langs die kante en om die ore: Soos agter moet dit kort wees en geleidelik langer word.
- (c) 'Sidies' – mag nie verby die middel van die oor groei nie.
- (d) Geen dik of lang hare word toegelaat nie.
- (e) Kuif – Mag nie oor die middel van die voorkop vertoon nie.
– As die kuif getrek word, mag dit nie oor die ooghare getrek word nie.
- (f) Middelpaadjie/middelrif – Hare mag nie aan die bokant van die kop boontoe gekam word om selfs net 'n effense spits te vorm nie. Dit moet met ander woorde plat gekam wees.
- (g) Hare mag nie deurmekaar wees nie (ook nie agter nie) – dit moet te alle tye netjies gekam wees.
- (h) Indien hare agteroor gekam word of kuif regop gekam word, moet dit baie kort gesny word.
- (i) Geen kleursel, gebleikte hare, sonstrepies ('high lights') nie.
- (j) Geen nuwerwetse (vreemde) style word toegelaat nie – bv. hare wat agter in die nek weerskante kort gesny is met 'n middelstrook wat langer is nie, 'spikes', ens.
- (k) Geen suiker, ens. wat die hare styf en hard laat staan, mag aangesmeer word nie.
- (l) Matige gebruik van gel is toelaatbaar – slegs voor en nie oor die hele kop nie. Geen patroontjies nie.
- (m) Geen gevlegde hare (dread locks) en/of haarverlengstukke word toegelaat nie.

- (n) Etniese hare moet kort gesny wees vir seuns, dit mag nie gevleg wees.
- (o) Baarde moet elke dag geskeer wees.

3.2 Skooldrag:

- Broek: Grys lang- of kortbroek soos voorgeskryf – geen nou pype vir langbroeke nie
- Hemp: Wit, poliëster-katoen
- Baadjie: Amptelike skoolbaadjie (opsioneel).
- Skoene: Swart skoolskoene met standaard sooldikte – veters nie geryg of met krale versier nie, geen sketse op sole, hou skoene gereeld skoon
- Kouse: Grys kouse – nie wit of rugbykouse nie
- Gordel: Swart met 'n klein gespe (geen prente op gespe).
- Oortrektrui: Moulouse, teal oortrektrui verpligtend – tydens uitsonderlike warm dae kan dit opsioneel wees wanneer die hoof die besluit daarvoor neem en dit so afgekondig word.
- Das: Voorgeskrewe das verpligtend – mag nie los hang nie (moet dus geknoop wees en tot teen die keel geskuif wees).
- Drimac: Die voorgeskrewe Drimac mag gedra word.
- Serp: Die voorgeskrewe serp mag slegs in die winter gedra word.
- Beanie: Die voorgeskrewe beanie mag slegs in die winter voor skool, pouses, na skool en by sportbyeenkomste gedra word.
- Geen gekleurde onderhemde is toelaatbaar onder die wit skoolhemp nie.

3.3 Algemeen:

- (a) Skoon, kort naels.
- (b) Serpe anders as die voorgeskrewe word nie toegelaat nie.
- (c) Armbande – geen bandjies word toegelaat nie.
- (d) Geen juwele van enige aard nie.
- (e) Volle skoolsweetpak is slegs vir sportgeleenthede toelaatbaar.
- (f) Provinsiale baadjies of provinsiale sweetpakbaadjie (nie volledige sweetpak nie) mag slegs op Vrydae gedra word. Dit geld ook slegs vir leerders wat die toekenning **in die huidige jaar verwerf het**.
- (g) Eerste spanne (rugby, hokkie en netbal) mag hul eerste span drimacs in die week ook dra.
- (h) Hemde mag nie uithang nie.
- (i) Geen “tattoos” is toelaatbaar nie. Alle “tattoos” moet bedek wees.

4. **SKOOLDRAG EN NETHEID VAN DOGTERS**

4.1 Hare: (Ons maak twee uitsonderings: Etniese haarstyles mag verlengstukke hê. Nie etniese haarstyle mag gekleur word.

- (a) Geen uitheemse style of modegrille word toegelaat nie. (Geen “Wet Look”/ penne of deurmekaarstyle agter op kop wanneer hare kort is, word toegelaat nie).
- (b) Matige gebruik van **GEL** is toelaatbaar.

- (c) Die kuif mag nie oor die wenkbroue hang nie. 'n Dogter se wenkbroue moet sigbaar wees.
- (d) Wanneer hare gelyk met die bopunt van die oor behoorlik in een, of twee sterte kan vaskom, moet dit vasgemaak of andersins gesny word. Die hare mag nie oor die kraag van die skoolhemp hang nie.
- (e) Lang hare mag in een of twee poniesterte, of 'n klassieke bolla vasgebind word. Daar mag egter geen hare **ONDER** uithang nie. Hare mag **NIE** bo-op die kop vasgemaak in 'n bolla gedra word **NIE**.
- (f) Hare mag ook gewoonweg of kunstig gevleg word.
- (g) Wanneer hare vasgebind word, mag slegs die 'sidie' langs die gesig loshang. Hierdie haarstringetjie mag nie langer as die onderpunt van die kakebeen by die oor wees nie.
- (h) As die dogter vorentoe buk en weer regop kom, moet haar hare vanself voor die oë weg wees sonder dat die dogter dit moet terug vee of haar kop moet skud.
- (i) Wanneer hare in een lengte (BOB) is, maar nie lank genoeg om vasgebind te word nie, moet dit netjies agter die ore met skuifknippies of aanknipknippies vasgemaak word.
- (j) 'n "**ALICE BAND**" of rekbande mag ook gedra word, maar slegs wit, swart, bruin of "teal" kleure is aanvaarbaar.
- (k) Haartoebehore:

Rekkies	:	kleur	:	wit, oranje, swart, bruin of "teal"
Haarlinte	:	kleur	:	wit, oranje of "teal"
Knippies	:	kleur	:	skuifknippies : wit, swart of bruin
			:	aanknipknippies : silwer
Alice Band	:	kleur	:	wit, swart, bruin of "teal" geen blomme op "alice band"
Rekbande	:	kleur	:	wit, swart, bruin of "teal" GEEN BONT bande word toegelaat nie. Geen blomme in die hare nie.
	:	breedte	:	5 cm of kleiner

- (l) Haarversierings mag slegs wit, swart, bruin, oranje of "teal" wees.
- (m) GEEN pruike word toegelaat nie.
- (n) Slegs Etniese haarstyle mag haarverlengstukke dra. Die verlengstukke se kleur mag nie van die natuurlike haarkleur verskil nie.
- (o) Verlengstukke mag nie uit twee verskillende kleure saamgestel wees, of gekleur wees nie.
- (p) Verlengstukke (extensions) wat toegelaat word: Single braiding, Soft dreads, Straight back en Straight up
- (q) Verlengstukke (extensions) en eie hare moet stewig, teen die kop, met 'n rekkie vasgemaak wees.
- (r) Verlengstukke mag ook in 'n kort haarstyl gesny wees.
- (s) Eie hare mag gevleg wees in 'n styl.
- (t) Hare moet ten alle tye NETJIES wees

4.2 Kleur van hare:

- (a) Die kleur van hare word by die dogters toegelaat, mits dit so na as moontlik aan die natuurlike haarkleur is. Hare mag glad nie rooi, maroon, pers of grys gekleur word nie. Daar mag **GEEN** uitgroeisels sigbaar wees nie. (Die hare moet dus elke 4-6 weke gekleur word).
- (b) Slegs eie hare mag gekleur word. Verlengstukke moet dieselfde as die natuurlike haarkleur wees.
- (c) Geen drastiese kleur van hare word toegelaat nie. Byvoorbeeld: blond na swart of swart na blond. Geen verlengstukke mag gekleur word nie.
- (d) Baie dun sonstrepies in die hare is toelaatbaar, maar moet weereens die natuurlike haarkleur komplimenter d.w.s. die strepies moet so natuurlik as moontlik lyk. Etniese dogters mag nie sonstrepies in hul hare sit nie.
- (e) Die maksimum van 15, baie dun sonstrepies, is toelaatbaar

4.3 Grimering:

- (a) Geen grimering of onderlaag word toegelaat nie.
- (b) Geen permanente grimering en/of tatoeërings word toegelaat nie.

4.4 Oorkrabbetjies:

- (a) Slegs goud of silwer, dunste ringetjie.
- (b) Knoppies kan silwer, goud, pêrel of met teal of wit glassteentjies wees.
- (c) Slegs een oorkrabbetje per oor van dieselfde soort in die onderste gaatjie.

4.5 Naels:

- (a) Naels mag nie bo die vingerpunte uitsteek nie. As 'n skêr teen jou vingerpunt gehou word en die nael kan afgeknip word, is die naels te lank.
- (b) Kleurlose naellak word toegelaat.
- (c) Geen Gel of Akriel op naels word toegelaat nie.

4.6 Skooldrag:

- Romp: Teal, drupdroog en betaamlik. Mag NIE afgewerk word nie.
Romp moet voor en agter ewe lank wees. Some mag nie afgesny word nie.
- Broeke: Grys voorgeskrewe langbroek.
- Bloese: Wit, poliëster-katoen met moue.
- Baadjie: Amptelike skoolbaadjie (opsioneel) .
- Skoene: Swart skoolskoene wat toeryg of met 'n bandjie oor die brug van die voet
- Kouse: Kort, wit skoolsokkies. Lang kouse soos deur die verskaffer voorsien.
- Oortrektrui: Moullose, teal oortrektrui **VERPLIGTEND** – tydens uitsonderlike warm dae kan dit opsioneel wees wanneer die hoof die besluit daarvoor neem en dit so afgekondig word.
- Oortrektrui is verpligtend saam met 'n langbroek.**

- Das: Voorgeskrewe das verpligtend – mag nie los hang nie (moet dus geknoop wees en tot teen die keel geskuif wees).
- Trui: Voorgeskrewe lang–mou trui.
- Drimac: Die voorgeskrewe Drimac mag gedra word.
- Serp: Die voorgeskrewe serp mag slegs in die winter gedra word.
- Beanie: Die voorgeskrewe beanie mag slegs in die winter voor skool, pouses, na skool en by sportbyeenkomste gedra word.
- Geen gekleurde onderhemde of onderklere mag onder die wit hemp gedra word nie.

4.7 Algemeen:

- (a) Serpe anders as die voorgeskrewe word nie toegelaat nie.
- (b) Armbande – geen bandjies word toegelaat nie.
- (c) Provinsiale baadjies of provinsiale sweetpakbaadjie (nie volledige sweetpak nie) mag slegs op Vrydae gedra word. Dit geld ook slegs vir leerders wat die toekenning **in die huidige jaar verwerf het**.
- (d) Eerste spanne mag hul eerste span drimacs in die week ook dra.
- (e) Buiten oorkrabbetjies en 'n seëlring mag geen ander juwele gedra word nie.
- (f) Tatoeërmerke nie toelaatbaar nie – mag nie sigbaar wees nie, moet te alle tye bedek wees.

5. SELFONE EN ELEKTRONIESE TOERUSTING

- 5.1 Skole ondervind baie probleme met leerders wat selfone en ander elektroniese toerusting
- 5.2 by die skool misbruik. Daarom geld die volgende reëlings:
- 5.3 tydens lestyd: In die klaskamer mag **geen** selfoon sigbaar wees nie en geensinds gebruik word nie – dit moet afgeskakel in die leerder se tas wees.
- 5.4 Indien bogenoemde oortree word, is dit strafbaar volgens die gedragskode.
- 5.5 Bostaande geld ook tydens opening en vir voogperiode en toesigklasse.
- 5.6 Tydens toetse en eksamens: Selfone moet afgeskakel en in die leerder se skooltas, wat voor in die eksamen- of toetslokaal geplaas word, wees.
- 5.7 Slegs sakrekenaars mag tydens toetse en eksamens gebruik word.
- 5.8 Ander elektroniese toerusting: Presies dieselfde reëlings as vir selfone geld vir enige ander elektroniese toerusting (bv. Mp3's, I-Pods, ens).
- 5.9 Ouers en leerders moet kennis neem van die feit dat die skool geen verantwoordelikheid aanvaar ten opsigte van selfone en elektroniese toerusting nie.

6. LEERDERS WAT LAATKOM VIR SKOOL

- 6.1 Hierdie is 'n ernstige probleem wat nie geduld sal word nie.
- 6.2 'n Leerder is laat vir skool wanneer hy/sy by die skool se hoofhek aankom nadat die klok om 07:10 gelui het.
- 6.3 Om 07:10 sal die hoofhek gesluit word en leerders wat nog betyds was het kans tot 07:13 om na die vierkant te beweeg waar opening sal begin.
- 6.4 Alle leerders wat na 07:10 by die skool opdaag sal na die skoolsaal geneem word vanwaar hul ouers gekontak moet word om hulle vir die skooldag in te teken.

- 6.5 Leerders kry egter 2 waarskuwings vir laatkom, waarna ouers met elke daaropvolgende laatkom gekontak word om die leerder te kom inteken.
- 6.6 Alle inligting word in 'n laatkomlêer aangeteken.
- 6.7 Indien dit vir die ouers onmoontlik is om 'n leerder te kom afhaal, bly sodanige leerder heeldag in die saal asook die volgende dag totdat die ouers die kind kom inteken.
- 6.8 Daar sal ook van hierdie leerders verwag word om met sommige van die dagtake te help, soos bv. om papiere op te tel, ens.
- 6.9 Leerders wat as gevolg van bogenoemde reëlings toetse en/of take mis, is self verantwoordelik om met vakonderwysers te reël om dit in te haal.

7. LEERDERS WAT DIE SKOOLTERREIN MOET VERLAAT GEDURENDE SKOOLURE

- 7.1 Leerders kan slegs die terrein verlaat saam met hul wettige ouers/voogde.
- 7.2 **Ouers is verantwoordelik om toe te sien dat 'n leerder nie sonder 'n geldige rede uit die skool gehaal word nie – doktersafsprake en tandartsafsprake kan en moet vir die middag gemaak word.**
- 7.3 Ouers moet nie gehoor gee aan leerders wat sê dat daar niks by die skool aangaan nie. Dit gebeur van tyd tot tyd dat departement personeel op kursusse stuur gedurende skoolure, maar ouers sal skriftelik ingelig word indien dit van so aard is dat leerders nie skool toe hoef te kom nie – sonder 'n brief van die skool moet ouers die leerders skool toe stuur.
- 7.4 Indien die wettige ouers/voogde nie die leerder kan kom haal nie, moet ouers/voogde die skool skakel om sodoende telefoniese toestemming te gee, of die leerder moet 'n skriftelike brief waarin die toestemming gegee word, by die kantoor kan toon.
- 7.5 Leerders verlaat nie akademiese klaskamers alvorens hulle nie oor die interkom geroep word nie – oortreding is strafbaar (word gesien as stokkiesdraai).
- 7.6 Presies dieselfde geld vir leerders wat vroeër moet vertrek vir sportgeleenthede of enige ander skoolaktiwiteit – hulle mag nie akademiese klaskamers verlaat alvorens hulle nie oor die interkom geroep word nie (selfs nie eens om te gaan verkleed nie). Weereens word oortreding hiervan gesien as stokkiesdraai.
- 7.7 Ouers moet verstaan dat geen leerder tydens lesperiodes oor die interkom geroep kan word nie aangesien dit steurend in die klasse is – leerders sal tussen periodes geroep word.
- 7.8 Wanneer 'n leerder geroep word, word 'n uittekenbriefie vir die leerder ingevul en die leerder gaan teken daarna by elk van die oorblywende lesperiodes se vakonderwysers uit.
- 7.9 Nadat die vakonderwysers geteken het, word die briefie na die dissiplinêre hoof van die graad geneem vir finale goedkeuring.
- 7.10 Die uittekenbriefie moet by die hekwag ingehandig word.
- 7.11 In die algemene kantoor word 'n lêer bygehou waarin leerders se name aangeteken word aan wie 'n uittekenbriefie uitgereik word. Die briefies wat by die hek ingehandig word, word teruggebring kantoor toe en afgemerkt teenoor die name in die lêer. Indien 'n briefie nie terugkom kantoor toe nie, beteken dit dat die briefie nie aan die hekwag gegee is nie en dat die leerder die terrein sonder toestemming verlaat het.
- 7.12 In 'n noodgeval moet die leerder by die kantoor aanmeld, waarvandaan ouers geskakel sal word. Indien 'n noodgeval by die huis voorkom, kan die ouers die skool skakel en die leerder sal geroep word. Geen leerder sal egter gedurende periodes uit die klasse geroep word nie. Dit geskied slegs tussen periodes.

8. HUISWERK

- 8.1 Kontrole van huiswerk en optrede vir werk wat nie gedoen is nie, is die verantwoordelikheid van die vakonderwyser.
- 8.2 Dit is vakonderwysers se plig om met die ouers kontak te maak indien leerders herhaaldelik nie hul huiswerk doen nie.
- 8.3 Dit is uiters belangrik dat elke vakonderwyser op 'n klaslys/vaklys versuim sal aanteken.

9. AFWESIGHEDE

- 9.1 **Dit is en bly die verantwoordelikheid van ouers om toe te sien dat leerders daaglik, betyds en vir die volle skooldag die skool bywoon en dit ook doen in die korrekte skooldrag en volgens die netheidsreëls soos hierin vervat.**
- 9.2 Leerderafwesighede moet deur ouers bevestig word – brief/doktersbewys.
- 9.3 Indien 'n leerder vir 10 opeenvolgende skooldae afwesig was of, indien daar voortdurende afwesighede voorkom, of indien daar 'n duidelike patroon van afwesighede voorkom, moet die registervoog dit aan die dissiplinêre hoof van die graad rapporteer.
- 9.4 Dissiplinêre hoof wend daadwerklike pogings aan om by die ouers vas te stel of die leerder die skool gaan verlaat.
- 9.5 Indien geen geldige rede vir die afwesigheid verstrek word nie, of indien geen kontak met die leerder en/of ouers gemaak kan word nie, word die leerder van register verwyder en word die leerderrekord geskrap.
- 9.6 Wanneer 'n leerder se rekord geskrap word, moet die dissiplinêre hoof van die graad (of die hoof self) die ouers skriftelik van die datum en rede vir skraping in kennis stel.
- 9.7 Indien sodanige leerder van verpligte skoolgaande ouderdom is, moet die APO-kantoor skriftelik van die datum en rede vir skraping in kennis gestel word.

ONS TRADISIE IS OM “OM TE GEE”.

GOEDGEKEUR:

HOOF

DATUM

BEHEERLIGGAAM

DATUM